

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 21

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

DIE GEBOORTE VAN DIE BYBEL

**"Want geen profesie is ooit deur
die wil van 'n mens voortgebring nie,
maar, deur die Heilige Gees gedrywe,
het die heilige mense van God gespreek."
2 Petr. 1:21.**

Die Bybel is 'n groot Boek. Ses-en-sestig aparte boeke is daarin versamel wat verdeel word in Ou Testament en Nuwe Testament. Die eerste word verdeel in die Historiese boeke, die Wysheidsboeke en die Profetiese boeke terwyl die tweede Testament verdeel word in die Evangelie, Handeling, die Sendbriewe en Openbaring.

Ons glo, op grond van ons aangehaalde teks en baie ander uitsprake, dat die Bybel geen menslike geskrif is nie. Die standpunt dat daar wel woorde van God in die Bybel is, terwyl ander gedeeltes weer suiwer menslik is, word ook deur die Gereformeerde leer verwerp. Ons weier om aan die Bybel te knoei en met die Woord te knoei.

Die Bybel is die Woord van God. Elke sin is gebore in God se gedagtes. Elke hoofstuk is Goddelike openbaring en elke boek spreek van die Here.

Het u al aan die wonder van die Bybel gedink? Verskillende mense wat gewoon het op verskillende plekke en in verskillende eeue geleef het, het 'n boek geskryf waarin geen botsings voorkom nie — 'n boek met een deurlopende goue draad wat stap vir stap afgewikkel word, sodat die een die ander aanvul en daar in die voortgang van dié boek 'n vollerwording van gedagtes is.

Die geheim van die Bybel word in ons teks geopenbaar. Ons noem dit inspirasie. Die Heilige Gees het oor die mense gekom en oor hul gedagtes beheer geneem op so 'n wyse dat sommige daarvan bewus was en ander nie. Tog het die Heilige Gees elke skrywer se eie styl en spreekwyse behou. Daarom is die taal van Jesaja anders as dié van Amos en die woordgebruik van Paulus verskil van Petrus s'n.

Die Gees was God se Bybelskrywer. Die mense was die Gees se pen en ink. Ons spreek daarom van heilige en goddelike geskrifte.

U moet u self afvra of u omgang en hantering van die Bybel die eerbied en besef dat God self aan die woord is, weerspieël.

'n Geslote Bybel is gevaarlik — want dan swyg God in u huis.

W. J. de Klerk

DIE GEKONTROLEERDE EVANGELIE

Lukas het gemeen dat hy 'n kroniek van gebeurtenisse opgestel het. Hy het hom vergis, want hy het geskrywe onder inspirasie.

Die Godsgedagte in ons teks is nie om Lukas se vergissing te verewig nie, maar om aan ons te openbaar dat die evangelie gegrond is op gebeurtenisse en dat Lukas onder andere, alles wat hy neergeskryf het, noukeurig teenoor die werklikheid gekontroleer het. Soos die man in die laboratorium het hy wetenskaplik te werk gegaan, want die bewyskrag van sy evangelie gaan soek hy in die feite wat vervul is.

God spaar ons die verleentheid as ons by die "slim mense" kom wat beweer dat ons in verhale glo. Op grond van hierdie teks kan ons beweer dat die evangelie wetenskaplike status het. Alles is noukeurig nagegaan en getoets. Getuies is opgespoor, ooggetuies is ingeroep, besonderhede is oorweeg. Die apostels verklaar self dat hulle verkondig wat hulle gesien en gehoor en gevoel het.

Deur hierdie historiese bewys van Lukas stel God ons ook tevrede, want ons kan verstandelik en met volle sekerheid weet dat ons met die waarheid te doen het. Alle ander godsdienste is uitgedink. Die inhoud van ons geloof, soos in die Bybel saamgevat, is 'n stuk geskiedenis.

Dit is geen sprokie nie, maar vervulde gebeurtenisse. Geen fantasie nie, maar feite. Geen filosofie nie, maar werklikheid. Ons ruik die vis by die see van Galilea en ons sien die warm bloed langs die kruis afdrup. Ons het 'n historiese-wetenskaplike-gekontroleerde evangelie.

Dit is onwetenskaplik om te twyfel aan die Bybelse waarheid.

W. J. de Klerk

EK HET GEKOM

Dit is woorde van die Here Jesus — amper geheimsinnige woorde, want niemand kan dit Hom nasê nie. Ons het nie gekom nie — ons is gebore. Niemand van ons het besluit om mens te word nie, maar dáár in die ewigheid is raad gehou — en in die nag het Hy gekom — gekom in die gedaante van 'n kind. Die kindjie het gegroei en sterk geword in die Gees en vol van wysheid. Toe spreek Hy.

"EK HET GEKOM OM DIE WET EN DIE PROFETE TE VERVUL"

Toe Hy gekom het, het die vermoeiende geskiedenis van die eeue die doelpunt bereik. Toe is die swaar profetiese stemme vervul en die strome offerbloed wat na Hom geroep het, het by die einde gekom. Hy het gekom om die vloek en die straf van die wet te dra en die gehoorsaamheid namens die mensdom aan sy Vader te lewer.

"EK HET GEKOM OM VUUR OP DIE AARDE TE WERP"

Hy het gekom tot redding en oordeel, skeiding en saambinding, koestering en vertering. Wie deur die geloof aanvaar, kry deel aan die opstanding uit sonde en dood. Wie deur die ongelooft verwerp, val weg in die afgronde.

"EK HET GEKOM OM TE SOEK EN TE RED WAT VERLORE WAS"

Hy het gekom, sodat ons deur God gevind kan word. Hy is die soekende — die uitgestrekte hande van die Vader. Hy het gekom om te red as Man van smarte, as Koning met die doringkroon — gekom om deur sy offer te red, om deur sy liefde te verlos en om deur sy wonde te genees.

"EK HET GEKOM DAT HULLE LEWE EN OORVLOED KAN HÊ"

Lewe in plek van die dood, lewe vir die ysige dood van ons hart en lewe vir die dood van die ewige verlatenheid. Lewe vir die geheimsinnige dood van die sterfbed — gekom... om te laat lewe!

Hy het gekom vir die oorfloed — om die kruik van die goddelike luuksheid oor ons menslike armoede uit te stort. Gekom, nie om krummeltjies nie, maar die volle fees van kindskap, gemeenskap, geloof en bekering te gee.

"Ek sal weer kom." Die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep en Hy sal die lewendes en die dooies oordeel.

"Ek het gekom"... in die huisbesoeker wat gisteraand aan jou deur geklop het, in die artikel wat nou voor jou oë is.

Ek het gekom om jou honger te voed, want Ek is die Brood van die Lewe.

Ek het gekom om jou te wek en ver te laat sien, want Ek is die Lig van die wêreld.

Ek het gekom om jou grendels te breek en te laat ingaan, want Ek is die Deur van die skape.

Ek het gekom om jou weiding en Sorg te gee, want Ek is die Goeie Herder.

Ek het gekom om jou die lewensrigting te gee, want Ek is die Weg.

Ek het gekom!

Waar gaan jy heen?

Quo Vadis?

W. J. de Klerk

GEE MY JOU HART

Daar is min dinge so afstootlik as huigelary. Huigelary is 'n leuen, 'n gerieflike beplande selfbedrog. Om hieraan 'n einde te maak, kom die Bybel steeds met die dringende uitnodiging: GEE MY JOU HART.

Elke Sondag, as dit kerktyd is, is dit doodstil in die groot gebou. Hier en daar fluister iemand miskien sag, gedempte voetstappe, 'n bank wat kraak, die woelige geskuiwel van 'n kind, maar verder is dit stil. Byna almal sit met uitdrukkinglose gesigte. Net na die derde gelui gaan die deur oop en die kerkraad kom in — eers die predikant, dan die ouderlinge en diakens. Dit gebeur elke Sondag.

HULLE HUIGEL

"Fariseërs" — so word hulle dikwels genoem. Dis mense wat reken hulle is beter as ander. Hulle gaan elke Sondag kerk toe om met 'n vroom gesig in die kerkgebou te gaan sit. Hulle maak maar net of hulle so danig goed is. Huigelary, nie waar nie, maar laat ek jou meer van hierdie kerkmense vertel.

In die kerk is daar vandag nog baie goeie, eerlike mense wat dit heeltemal opreg met hul godsdiens bedoel, maar daar is ook baie huigelaars, hipokriete en fariseërs. Soms kan hulle hul so mooi vroom voordoen, maar hulle huigel so dikwels, omdat hulle al daardie mooi dinge wat hulle glo, nie doen nie. Vandag sal hulle kerk toe kom, mōre het hulle weer alles vergeet wat dit verg om 'n Christen te wees en sal 'n mens werklik die vrome kerkganger van Sondag nie herken nie.

SPEEL MET VUUR

Dat dié mense werklik met vuur speel en met hul growwe oneerlikheid besig is om te bedrieg, is 'n feit. Christus self het gewaarsku: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is." (Matt. 7:21). Huigelary en selfbedrog is beslis lewensgevaarlik. Dié oneerlikheid van "kerkmense" gries ons seker nog baie meer as vir ander, omdat ons daaglik daarmee te doen kry.

Daar is darem één troos: dié mense kom darem nog in aanraking met die Woord van die Here. As 'n mens baie mooi luister na die boodskap van die Bybel, hoor 'n mens duidelik die hartlike uitnodiging van God: "Gee My jou hart." Daar is soveel troos in. Maar hulle hoor ook die dringende waarskuwing: "Gee My jou hart... anders gaan dinge in jou lewe hopeloos verkeerd loop." Dit is 'n genadige God wat die skynheilige klip-Christene nog gedurig waarsku teen die dreigende gevare in hul lewens. Dit is die boodskap wat die kerk aan alle sondaars wat dit graag wil aanneem, bring. Dit is die dringende waarskuwing teen huigelary, valse skyngeloof en 'n leuen-lewe. Die kerk verkeer vandag inderdaad in 'n groot stryd teen hierdie selfbedrog.

DIE HUIGELAARS BUIE DIE KERK

Ek wonder hoeveel huigelaars sit vandag buite die kerk. In die omgewing waar ons bly, het ons onlangs begin om kerklike sensus op te neem by elke huis. Dit was skokkend. Baie Afrikaners erken dat hulle die Bybel aanvaar as die Woord van God, maar dit is ook al. Sommige behoort selfs nie eers aan 'n kerk nie. Ander gaan net nooit kerk toe nie en neem aan geen kerklike aktiwiteite deel nie, maar die Bybel is die Woord van God — so glo hulle. Hulle is ook "Christene", maar dit is eenvoudig verniet of hulle volgens daardie Bybel wil lewe.

Hulle is "Christene", maar begin net 'n gesprek wat oor godsdiens handel en dit is gou duidelik dat hulle op daardie terrein so ontuis soos 'n vis op droë grond is.

Dit is tog ook maar 'n huigelaar, 'n skynheilige selfbedrieër. Hy aanvaar die Woord van God heelhartig — daaraan hoef niemand te twyfel nie, maar waarom dan nie leef volgens daardie Woord nie? Jakobus het gesê 'n geloof sonder werke is dood. (Jak. 2:17). Baie kan gesê word oor die swendelary en skynheiligheid van die sogenaamde kerkmense. Dat hierdie mense ook besig is met 'n gruwelike vorm van selfbedrog, kan niemand ontken nie. Jakobus het gesê: "Net so is die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood." (Jak. 2:17). Daarom kan hierdie dienskneg van God ook die "gelowige-sonder-werke" uitdaag: "Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie?" (Jak. 2:24).

GEE MY JOU HART

Ook aan hierdie "Christene" bring die kerk nog altyd ook die dringende boodskap van God: gee My jou hart. Die Bybel self stel die groot, onvergelyklike genade van God: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (Joh. 3:16).

Dis nie 'n geloof van 'n huigelaar — of hy nou binne of buite die kerk is nie. Dis die geloof wat aanvaar en doen. Dis die geloof wat gehoorsaam is. Dis die geloof van oorgawe in die diens van die Here. Dis 'n antwoord op die uitnodiging van die Skrif: GEE MY JOU HART.

P. Duvenage

**1. GOD, DIE HERE IN SY
OPENBARING.**

Die Bybel is openbaringsgeskiedenis.
Hy openbaar sy name, sy wese, sy raadsplan .
Hy openbaar die oorsprong, die voortgang en die einde.
Hy openbaar die geregtigheid, die sonde-ineenstorting en
die genadige verlossing.

**2. GOD, DIE HERE IN SY
VERLOSSINGSDADE.**

Die kersgebeure: God kom tot ons.
Die kruis: God straf, vergewe op grond van Christus se
straf en versoen.
Die opstanding: God maak vry van dood in tydelike en
ewige vorm.
Die hemelvaart: God regeer alle dinge.
Die pinkster: God woon deur die Heilige Gees in en neem
besit van sy kinders.

**3. GOD, DIE HERE IN SY
LIEFDE.**

Die Bybel is God se liefdesverklaring.
Dit is werklike liefde wat in die lewe van elke dag ingaan.
Dit is bewese liefde in die gawe van die Seun.
Dit is roepende liefde wat vra om 'n antwoord.
Dit is aktiewe liefde wat alle lyding vir die gelowige ten
goede omkeer.

**4. GOD, DIE HERE IN SY
TROU.**

Die verbondsbeloftes van God. Die verseëling van die
beloftes in die doop.

**5. GOD, DIE HERE IN SY
REG.**

God het reg op sy skepsel.
God is die wetgewer.

**6. GOD, DIE HERE IN SY
OORDEEL.**

Sondeverlorenheid
Wrekende geregtigheid.
Ewige straf.

Pinkster

Idiote - Wêreldveroweraars

Daaglik het die bedelaar by die tempelpoort gesit.

Op 'n dag het twee van Jesus se dissipels daar verbygegaan — Petrus en Johannes — en hulle het die kreupel bedelaar genees — in die Naam van Jesus Christus. Die Joodse Raad was daarvoor baie ontevrede. Die volgende dag het Petrus en Johannes voor die Raad verskyn. Hulle moes antwoord op die vraag: "Deur watter mag en deur watter naam het hulle dit gedoen?" (Hand. 4:7).

Daarop sê Petrus, vervul met die Heilige Gees aan hulle: "Owerstes van die volk en ouderlinge van Israel... laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat, deur die Naam van Jesus Christus, die Nasarener, wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode opgewek het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan ..." (Hand. 4:8, 10).

Dan staan daar 'n baie interessante ding. Toe die Raad die vrymoedigheid van Petrus en Johannes sien en verstaan dat hulle ongeleerde en eenvoudige manne was, was hulle verwonderd en het hulle as metgeselle van Jesus herken." (Hand. 4:13).

Die woord wat hier vertaal is met eenvoudig, is in die oorspronklike Grieks letterlik "idioties." In die oë van die Raad was die apostels idiote, maar dieselfde idiote het wêreldoorwinnaars geword. Hulle het die evangelie tot aan die eindes van die wêreld gedra. Hul geskifte word vandag nog deur miljoene mense gelees. Die gekruisigde Heiland wat hulle gepreek het, is die krag en troos van mense-menigtes wat soek na lig en lewe. Wat was die geheim van hierdie idiote?

Hulle was, so staan daar, "vervul met die Heilige Gees". (Hand. 4:8). Dit was Pinkster. Die Gees van God het hulle harte oorstrom. Hy het hulle met vurige tonge laat spreek. Hy het hulle besiel met die moed en die krag om singend die marteldood tegemoet te gaan, ter wille van Jesus Christus. Dit is die krag van die Christelike geloof.

Wil u iets van die geestelike krag van hierdie idiotiese manne hê? Smeek God dan daaglik om u te vervul met sy Heilige Gees. (Matt. 1 1:13).

P. W. B.

Wat wil God vir jou sê?

Om siek te wees, beteken om tot stilstand geroep te word, afgesonder te wees, losgemaak uit jou daaglikse werk. Meteens is jou horison ingeperk tot die vier mure van die siekekamer. Die hemel bo jou is 'n starre, wit plafon. Deur die venster sien jy elke dag dieselfde dinge — 'n paar bome, 'n hoekie van die grasperk miskien, 'n stukkie blou lug waardeur die wolke sloer.

Op 'n dag kom 'n mens tot die besef: daar is twee wêrelde — 'n wêreld van gesonde en 'n wêreld van siek mense en nou het jy die siek-wêreld ingegaan. Hier is alles anders. Die dinge wat in die verlede betekenis gehad het, lê nou ver agter die horison. Ander dinge vul nou die ure: die pyn wat jy verduur, die bekommernis oor die toekoms, die vrees vir die komende operasie miskien. Die vraag ontstaan: wat van jou moet word, en as jy getroud is, van jou man of vrou en kinders.

Siekte maak 'n mens baie gevoelig vir indrukke. Die vreemde besoeker wat jou vriendelik gegroet het en jou 'n hartlike beterskap toegewens het. 'n Ander een het opdringerig jou probeer troos met die armsalige troos van vertellings oor sy eie kwale wat net so of erger was as joune. Dan was daar mense wat traktaatjies versprei het waarin skaamteloos gesuggereer word dat jou siekte die gevolg is van een of ander sonde wat jy gedoen het.

Wat moet 'n mens nie alles in 'n hospitaal verwerk nie! Die vlugtige voetstappe van verpleegsters deur die nagtelike gange en die skielike buitengewone drukte een nag. Die volgende môre sypel die sekerheid van êrens af deur dat 'n mede-pasiënt onverwags gesterf het.

Onwillekeurig dink 'n mens dat dit ek kon gewees het. Die vleuels van die dood het rakelings oor my heengeswiep en iemand vlakby my weggeruk. Siekte maak 'n mens sensitief. As jy nie oppas nie, word jy oorgevoelig. Begryp u nou hoe 'n belangrike belewenis 'n siekbed is?

Hierdie gevoeligheid vir indrukke wat onder die reuk van eter en by die aanblik van verwelkende blomruikers, word soms tot die uiterste aangeskerp. Hierdie vatbaarheid vir indrukke, hierdie ding dat pyn en ans jou siel oopgespoel het totdat die naakte vesel bloot lê, dit is soms God se metode om 'n mens se innerlike te bereik.

Ander tye was 'n mens so besig. Jou werk, jou huis, jou sosiale verpligtinge, jou eindelose reeks daaglikse (en nagtelike) bedrywighede, het jou tyd so in beslag geneem, dat jy soms skaars tyd gehad het om aan God te dink. Wie het vandag nog tyd om daaglik byvoorbeeld 'n halfuur Bybel te lees of 'n kwartier in die gebed deur te bring?

Die gevolg? Ons lewe word 'n oppervlakkige geskaats waarin ons weinig tyd het om met God te verkeer. As 'n mens nie tyd het om te eet nie, soos dit soms gaan, waar sal jy tyd vandaan kry om jou rustig te verdiep in die grootheid van God se liefde, die onpeilbaarheid van sy erbarming?

Nou is jy meteens weggeruk uit daardie maalstroom. Nou oorval die tyd jou — tyd om jou Bybel te lees — tyd om te bid — tyd om oor God te peins — tyd om iets van die ewigheid in my siel op te vang. Dis hieraan dat Job se vriend Elihu ons herinner as hy vir die geteisterde man op die ashoop sê: God spreek op een, ja, twee maniere. (Job. 33:14).

God spreek deur drome en naggesigte (Job. 33:15). So het God in die ou tyd Homself aan mense geopenbaar. — aan Josef, Samuel, Nebukadnesar. God spreek ook deur middel van 'n siekbed. (Job. 33:19). Het jy al so daarvoor gedink?

Hierdie wit deken oor jou bed, hierdie vier mure, hierdie plafon, hierdie vensteruitsig met die

stukkies grasperk, hierdie blou vlekke hemel met die groot wasagtige wolke — al hierdie dinge wat op die netvlies van jou oog val en in jou siel ingeprent en onder die vlam van die pyn ingeskroei word, dit is die taal van God. Dit is sy boodskap aan jou persoonlik.

Hy wil vir jou iets sê, maar wat? Hoe sal ek weet wat God vir my wil sê?

Luister dan na wat talle gelowiges gesê het as hulle die hospitaal verlaat: ek dank God vir hierdie ondervinding. Hier het ek die grootheid van God se liefde in Christus Jesus beter leer ken as ooit te vore.

Natuurlik moet alles wat jy op die siekbed beleef, deur die bril van die Bybel bekyk. Dan kom jy tot die mees verrassingsvolle ontdekkings van jou lewe. Beskou jou hele siekte 'n keer by die lig van hierdie woorde van Paulus en kyk hoe alles in 'n nuwe perspektief te staan kom:

"Ons weet dat vir hulle wat God lief het, alle dinge ten goede meewerk." (Rom. 8:28).

"My genade is vir jou genoeg." (2 Kor. 12:9).

Het jy God se genadeboodschap wat in hierdie siekbed tot jou kom, al verstaan?

Sy boodskap is: J e s u s C h r i s t u s.

P. W. Buys

U BYBELROOSTER

Lees elke aand die volgende Bybelgedeeltes en peins daaroor. Die genoemde vrae sal daarin beantwoord word.

- Is ek 'n goeie mens? Romeine 3:9-26.
Wat is die kruispad van die lewe?..... 1 Konings 18: 17-21.
Is die keuse nodig?..... Josua 24:13-24.
Sal die Here 'n verskoning aanvaar? Lukas 9:5 7-62.
Waarheen loop die twee paaie?..... Matteus 6:13-29.
Het jy al die uitnodiging aan jou gelees? Jesaja 55:1-7.
Wat is die inhoud van die uitnodiging? 1 Petrus 2:1-10.
Hoe aanvaar 'n mens die uitnodiging? Romeine 10:9-21.
Wat maak mens met jou sondes? Psalm 51.
Wat is bekering? Kolossense 3:1-1 7.
Wat is geloofslewe? Hebreërs 10:19-25.
Is dit swaar om Jesus te dien? Matteus 11:25-30.
Sê nou maar jy weier — wat dan? Hebreërs 10:26-31.